

15 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 31

Fokusgedeelte: Deut 31:19

Die lied van Moses en die lied van die Lam

Dit is heerlik om uit volle bors 'n lied tot eer van God te sing. Dink egter hoe dit sou wees om 'n lied teen jouself te sing. 'n Lied wat aan jou hart vat. So 'n lied moes Moses vir Israel skryf en leer en laat sing. Dit was geen lekker-sing-lied nie. Nee, dit was 'n lied wat 'n getuie teen hulle moes wees. "Getuie" beteken hier letterlik om oor en oor te sê. Dit moes woorde wees wat hulle in selfverwyt laat kerm het. Dit was 'n heilige lied – 'n lied in die teenwoordigheid van God en vir God gesing. Dit was 'n klaaglied. Die lied moes hulle later herinner aan hoe God hulle uit Egipte gelei het, maar hoe hulle Hom in die gesig gevat het, sy liefde vergeet het en sy wonderwerke uitgewis het uit hulle gedagtes.

Daarom sou sy toorn teen hulle ontvlam (vs 17). Jare later, toe hulle in ballingskap weggevoer was, het Israel hulle musiekinstrumente aan die bome opgehang – geen mens kan onder sulke omstandighede sing nie. Maar God laat hulle hierdie lied leer en sing sodat daar elke keer 'n swaard deur hulle siel kon gaan. Dit was 'n lied van selfverwyt: Oor en oor moet ek myself sien. Oor en oor moet ek getuig hoe ver ek van God weg is, soos 'n skaap verlore en in die wildernis verdwaal.

En tog het Moses ook 'n ander lied gedig (Eks 15). Dit het gesing van God wat daar by die Rooi See verlos het. In Openbaring 15:3 hoor ons: "Hulle sing die lied van Moses ... dit is ook die lied van die Lam." Dit is die lied van verlossing. Jesus sing dit ook in Markus 14:26. Dit is God se genade: Ek kan oor en oor sing van skuldvergewing. Die donker sange van skuldbesef wyk voor die note wat weerklink: "Dis Christus wat die skuld wou dra...!"

Sing: Skrifberyming 29:7,8

Ds LD Aucamp (Cullinan)